



INFO 3/2025

14 Februarie 2025



Van die skoofhoof



Liewe GSDP-gemeenskap

Baie word in die media gedeel oor Trump se radikale uitsprake. Volg mens die wêreldnuus dan lyk dit ook nie rooskleurig nie. Daagliks word berig oor wat in Israel en Gaza, Oekraïne en verskeie Afrikalande gebeur.

In ons eie land is daar ook omstrede dinge, BELA-, Grond-Onteieningswet en die omstrede NGV. Ons plaaslike regerings laat ook veel te wense oor.

In ons eie persoonlike lewens word ons dikwels deur siekte, ongelukke, werkloosheid, dood en ander teëspoed getref. Ja, die afgelope week het 'n leerling en ekself ook ter nouer dood ontkom tydens 'n erg motorongeluk.

Hoe kom gebeur al hierdie dinge, hoe kom is die wêreld in die toestand waarin hy is? Is dit uniek en iets van hierdie tyd, of kom dit al 'n lang pad? Ek is seker dat ons baie dikwels met hierdie vrae worstel.

Ons weet dat die mens met verkeerde keuses dit wat God vir die mens so mooi in die Paradys bedoel het, vernietig het. Swarkry en slegte dinge was van die begin af die gevolg van hierdie verkeerde keuse. Die koms van Jesus het ons verlos van hierdie sondeband. Hy het die weg na saligheid vir ons gebaan, maar nie die gevolg van die sondeval weggegneem nie. Die effek van die sonde sal op aarde altyd 'n probleem bly. Slegte goed gebeur met goeie mense. Die Here bring dit ook soms oor ons pad om ons te louter, ander kere laat Hy dit net toe. Die boek Job vertel hiervan. Die Bybel praat meer van God se beskerming IN swáár tye, as dat God ons beskerm TEEN swaar tye.

Wat moet ons reaksie wees op swaar tye?

- Roep die Here aan in gebed.
- Vertrou op die Here. Nijs buite Sy beheer nie. Hy regeer.
- Weet dat die Here Jesus vir jou lief is.
- Weet dat jy iets gaan leer oor God se wil. **Ps. 119 : 71** - "Dit is vir my goed dat ek swaar gekry het, want daardeur het ek U voorskrifte geleer".
- Weet dat dit begrens is. **Jes. 60 : 20** - "Die Here sal vir jou 'n ewige lig wees, jou dae van smart is verby."
- Laat toe dat jou karakter gevorm word. **Rom. 5 : 3** - "ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat dit verdrukking lydsamheid werk, en die lydsamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie..."
- Volhard. Jakobus sê as beproewinge oor ons kom laat dit ons volhard in die geloof.
- Dit leer ons van 'n gemeenskap van gelowiges wat ons omring met gebede, liefde en meelewings.
- Dit leer om ons te getuig van God se goedheid te midde van swaarkry. Al sou die vyeboom nie bot nie, nogtans sal ek jubel.

Die afgelope week kon Jesca in graad 8 en ek getuig van God se bewarende hand, van 'n gemeenskap se meelewe en voorbidding en van die liefde van medegelowiges. Laat ons mekaar in tye wanneer teëspoed ons tref, in geloof vashou.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



Beplanner

- **15/02:** ICO Atletiek Pietersburg
- **20/02:** HS Toetsreeks begin
- **18/02:** LS Jukskei-oefening begin
- **19/02:** HS Jukskei-oefening begin
- **20/02:** KS Kuieraand
- **21/02:** Internasionale Moedertaaldaag
- **25/02:** Gr.4-studiekursus
- **25/02:** Gr.4-ouers: Terugvoersessie om 18:00
- **25/02:** HS Tafeltennis-oefening begin
- **25 - 26/02:** Netbal ligaproewe 0/12 en 0/13
- **26/02:** LS Skaak begin
- **27/02:** HS Netbal DP vs HTS John Vorster (vriendskaplik)
- **28/02:** Warmbad-uitstappie

Kleuterskool



pikenolsie
Gulle & spesiale opleiding
MOOT & Kinderkinetika
BEWEEG, SPEEL EN LEER

Kleuter & baba Atletiek

1 Maart
08:00 – 10:00
Laerskool Totiusdal rugbyveld

The poster features a blue cloud-like shape containing text and three hot air balloons (red, green, orange) floating above it. Silhouettes of children are running across a green grassy field at the bottom.

DIRKIELAND
KUIER(SPELETJIES)AAND

Ouers en kinders trek gemaklik aan

20 FEBRUARIE 18:00 – 19:30

**Kos kan vooraf bestel word en vanaf 17:00 afgehaal word.
Water en koeldrank sal te koop wees.
Kom speel, kuier en lag saam met jou kind!**

The poster has a dark blue background with yellow triangular bunting at the top. It features a white cloud shape containing the main text and two cartoon children (a boy and a girl) sitting cross-legged. A purple banner at the bottom displays the date and time.

Laerskool



ICO 2025 ATLETIEK



MET TROTS AANGEBIED DEUR
AKADEMIE REFORMIA

@ HTS TOM NAUDÉ
15 FEBRUARIE 2025
7:00 VIR 7:30



Ons wens alle laer- en kleuterskool Dirkies wat aan die ICO atletiekbyeenkoms by HTS Tom Naude in Pietersburg deelneem baie sterkte toe. Ons wens julle sowel as die personeel 'n veilige reis en 'n heerlike byeenkoms toe.

Die volgende inligting is belangrik:

- **Beampes** moet asb. om 7:00 aanmeld.
- **Atlete** meld 7:15 aan op **pawiljoen** en bly daar tot na die opening – Juf. Lara en juf. Arina sal julle kaartjies vir julle daar gee.
- Ons neem in **Dirkies-atletiekdrag** deel. Atlete mag 'n donkerblou "ski-pant" onder hulle seilbroekies aantrek. As jou item klaar is, moet jy asb. dadelik weer jou seilbroek aantrek (Moenie rondloop in jou ski-pant nie).
- Ouers/beampes dra sover moontlik **blou ondersteunershemde** of 'n **donkerblou hemp**.
- Atlete moet asb. **terug beweeg** na die pawiljoen na elke item en daar bly tot juf. Arina julle na die volgende item neem. Anders gaan julle items mis.
- **5-jariges en jonger neem informeel deel.** Kyk asb. op die program na hulle tye.

Toetsreeks gr.4 - 7

Toetsrooster en afbakenings is reeds vir die leerlinge uitgedeel. Kyk gerus op die **klasgroepe**, indien julle onseker is.



Interne redenaars

Op Maandag, 10 Februarie het ons **laer- en kleuterskool** Dirkies 'n **interne redenaarskompetisie** gehad. Die beoordelaars was verstom oor die dapperheid van selfs 5-jarige Dirkies. Hulle het almal hulle woord kom spreek. Oortuigende, beredeneerde toesprake is gelewer en die gehoor is aangespreek en in die oë gekyk.

Dankie aan alle deelnemers. Ons laat weet jul wie aan rondte twee van die **ATKV- redenaars** gaan deelneem. Ons daag almal uit om volgende jaar weer op te daag en hierdie mooi geleentheid te benut. Almal moet iewers in hul lewe as Christen hul woord gestand doen en die waarheid kan verdedig. Kom oefen sommer as jongeling jou oorredingsvaardighede. Sien julle volgende jaar.



TOETSROOSTER

Kwartaal 1 (2025)

DAG	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
Di. 4 Maart	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans	Afrikaans
Do. 6 Maart	Nat & Tegn.	Nat & Tegn.	Nat & Tegn.	NW
Vr. 7 Maart				Tegnologie
Di. 11 Maart	SW	SW	SW	SW
Do. 13 Maart	Engels	Engels	Engels	Engels
Vr. 14 Maart				EBW
Di. 18 Maart	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde	Wiskunde

Bybelonderrig, Kerkgeskiedenis en Lewensvaardighede/ Lewensoriëntering vorm nie in hierdie kwartaal deel van die toetsreeks nie, maar wel deel van die deurlopende assessering en klastoetse.



Hoëskool

Toetsreeks

Toetsreeks begin op **Donderdag, 20 Februarie**. Die toetsrooster is reeds aan leerlinge uitgedeel, en is ook op die skool se **webtuiste** beskikbaar.

Konsert

Die hoëskool is opgewonde om 2025 se konsertbedrywighede amptelik hierdie **Vrydag, 14 Februarie**, af te skop. **My hartjie my liefie, Afrikaanse raak weg!** is geskryf deur mnr. Wiku van Rooyen en sy vrou Marina, om die 100ste bestaansjaar van Afrikaans te herdenk. Die konsert sal uit 'n kombinasie van tonele en dans-items bestaan.

Oudisies vir rolle in die konsert is gehou, en soos volg toegeken. Baie geluk aan die volgende leerders:

- Prins Dirk: Marius Visser
- Afrikaans: Anli Buys
- Verteller: Elrike Buys
- Hofnar: Aniek Moes
- Koningin: Danika Venter
- Barend die Arend: Jocobus Pohl
- Queen Social: Alisha Drijfhout
- Boodskapper: Jannes Enslin



Ander karakters: Shelanti Kotze, Jolene Botma, Theophilus Mnisi, Jonathan Botma, TC Heikens, Heinrich Goodey, Anrika Schuring, Tirsa Drijfhout, Marike Diedericks, Leon Jordaan, Henro vd Linden, Amalia Drijfhout, Hilga Bunk, Thinus de Jong, Ariana Snyman.

Oefeninge vind meestal **Vrydae** op die hoëskoolterrein van **13:15-15:00** plaas. 'n Volledige lys van oefendatums sowel as benodigdhede vir die konsert is reeds aan ouers gekommunikeer.

Ons wil graag versoek dat leerlinge sover moontlik al die oefeninge sal bywoon. Indien u kind nie 'n oefening kan bywoon nie, versoek ons dat die ouers verskoning maak by die betrokke voogonderwysers.

Ons sien baie uit om DV die **8ste en 9de Augustus** die eindproduk te vertoon!

Wiskunde Olimpiade

13 Maart 2025 om 14:00-15:00 in G2

Skryf in by jou **Wiskunde juffrou** voor 18 Feb.

Betaal R50 voor 18 Feb. m.b.v. Snapscan, D6 of in die skool se rekening met verwysing familiekode + WISK Olimpiade.



Warmbad

Ons jaarlikse uitstappie na **Warmbad Forever Resort** vind DV op **Vrydag 28 Februarie** plaas. Leerlinge het reeds briewe hieroor ontvang. Stuur asseblief alle **vrywaringsvorms** so gou moontlik terug skool toe.



Senior Afrikaanse Olimpiade 2025

Op die taalfront raak ons nou goed besig! Drie graad 10 Dirkies en een graad 12 leerling het ingeskryf vir die Afrikaanse Olimpiade vir seniors wat DV **13 – 15 Mei** sal plaasvind.

Ons is opgewonde om te sien hoe julle met die aanlynvraestel gaan vaar!

ATKV - Redenaars

Opskud almal wat aan die **ATKV-Redenaars 2025** wil deelneem! So ver is daar nog net vyf inskrywings. Alle gelde moet voor **21 Februarie** inbetaal wees.

Verlede jaar het slegs een hoërskoolleerling deelgeneem. Kom ons kyk of daar nog 'n paar redenaars is wat kan inskryf sodat ons by tien deelnemers kan uitkom.

Dames- en dogtersaand

Die Hoërskool se dames- en dogtersaand vind plaas op DV **Donderdag 13 Maart 2025**. Ons nooi alle mammas en dogters van die hoërskool uit om die geleentheid by te woon.

Dis 'n heerlike aand van geestelike toerusting vanuit die Woord, saamkuier, verrassings en bederf. Ons spreker is 'n **voorkomskonsulent** wat ons meer gaan vertel oor mooi aantrek en algemene voorkoms.

Ons benodig ook dogters om as **gasvroue** op te tree. Meer inligting hieroor is by juf. Anine beskikbaar. Om jul plekke te bespreek, voltooи die **Google-vorm** wat op die HS-ouergroep geplaas is.

DAMES- EN DOGTERSAAAND

13 MAART 2025

17:30 VIR 18:00

Beklee jou met kleur uit sy palet



Jungle Book

Die uitstappie na **Monte Casino** was weereens 'n onvergetlike ervaring! Die 42 leerlinge en vier onderwysers het die opvoering van Jungle Book baie geniet. Ons sitplekke was sommer lekker voor in die teater en ons kon die fynste nuanses van die voortreflike toneelspel waarnem.

Die sang en danse van die vyf toneelspelers het die eienskappe van die verskillende diere uitmuntend uitgebeeld. Dit was werklik 'n kreatiewe meesterstuk!

Ons waardeer dit ook geweldig baie dat die teater spesiaal 'n ekstra vertoning in die middag gereël het sodat ons ook kon gaan.



Sport

Jukskei

Die voorseisoen-oefening begin **Dinsdag, 18 Februarie** vir die **laerskool** en **Woensdag, 19 Februarie** vir die **hoërskool**. Hierdie is slegs oefeninge om vaardighede te verbeter en in te oefen en gaan nie die spanne bepaal nie. Dit is nie verpligte oefening nie – almal is welkom.


Oefening:

Dinsdae:

Gr. 1-2 na skool tot 13:30
Gr.3-7 na skool tot 14:00

Woensdae:

Hoërskool na skool tot 15:00



Rugby

Daar is nog geleentheid om betrokke te raak by die rugby. Kontak Janine vir meer inligting.

Tafeltennis

Oefening begin **Dinsdag, 25 Februarie om 14:00-15:00**.

Netbal

‘n Vriendskaplike wedstryd vind Donderdag, **27 Februarie 2025** teen HTS John Vorster plaas.

Kom ondersteun ons netbalspanne asseblief. Selfs Barend het laat weet hy gaan daar wees!



Jou Elektrisiëns & Hardware in die Moot

800, 34ste Laan, Villieria | 012 332 1818 | info@blitspta.co.za | 083 226 2307

Februarie 2025 Spesiale Aanbiedinge - Herstel / Hernuwing!

RUST-OLEUM PAINTERS+
Paint + Primer
Assorted Plain colours Available (Metallic Colours not included)

R 135,00 EACH
WAS R169,90

PAINT BRUSH ART&CRAFT MULTI 15PC

R 75,00
WAS R95,00

TJHOKO PAINT 250ml / Assorted colours available

R 115,00 EACH
WAS R139,90

WOODOC 5 (1L)
Matt Finish | Indoor | clear
WOODOC 10 (1L)
Velvet Finish | Indoor | clear
WOODOC 20 (1L)
Gloss Finish | Indoor | clear

R 249,90 EACH
WAS R315,00

WOODOC 25 FLOOR
MATT FINISH | CLEAR | 5 LITER

R 1049,00
WAS R1125,00

WOODOC 10 VELVET FINISH | CLEAR 5 LITER

R 849,00
WAS R925,00

WOODOC 50 MATT or GLOSS FINISH CLEAR | 5 LITER

R 999,00
WAS R1109,90

WOODOC 30 (1L)
Low Gloss Finish | outdoor | clear
WOODOC 50 (1L)
Gloss Finish | outdoors | clear

R 249,90 EACH
WAS R315,00

TJHOKO STENCIL 30X30CM

R 145,00
WAS R165,00

SANDING SPONGE Available in 60GT | 120GT | 180GT

R 12,90 EACH
WAS R19,90

PAINT BRUSH 50MM BP1000 50MM OIL

R 55,90 EACH
WAS R89,90

CRAFT HARD AS NAILS 1L
Available in: Gloss, Satin and matt Finish

R 129,90
WAS R145,00

Spesiale Aanbiedinge slegs geldig vanaf 1 Februarie 2025 tot 28 Februarie 2025, so lank voorraad hou.
Terme & voorwaardes geld. Foto's van items mag verskil.

GEE JOU KLEURLOSE IDEE LEWE
met Edge Communications
se kreatiewe en ervare grafiese ontwerpers!

Kontak ons vir 'n kwotasie.

ONS DIENSTE SLUIT IN:

- Gedrukte ontwerpe
- Digitale- en sosialemedia-ontwerpe
- Korporatiewe ontwerpe
- Besigheidskaartjies
- Nuusbrieve
- Maatskappy profiele
- Pamflette
- Uitnodigings
- E-pos handtekeninge
- Brochures
- Betaalmedia advertensies
- Embleem ontwerp
- Briefhoofde
- Webbladontwikkeling
- Korporatiewe template



Eerste indrukke is blywende indrukke, so maak jou besigheid die een om te onthou!

**Any Computer, internet,
WiFi help and upgrades.**

PR COMPUTERS

Call us today

0826915793



Ons praat jou taal!



Specializing in:

Designer Formal Wear

Men Suites

Special Occasion Wear

Mother of the Bride | Matric Farewell

Exclusive Stockist of Anabel Nox

To Book:

Lisa Roux 072 402 0307

www.kleurboutique.co.za

**Wen jou Wetenskap en
Wiskunde**

Graad 10 tot Graad 12 Wiskunde:

- Vraestelle met Memo's @ R130
- Nifty Notas @ R130

Vat die volledige Wiskunde
Pakket vir slegs R240

Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap:

- Nifty Notas @ R130
- Flashy Flitskaarte @ R70
- Vraestelle met memo's @ R130

Afleweringkostes
@ R120


Vat die volledige Wetenskap
Pakket vir slegs R300



Win your Science and Maths

Grade 10 to Grade 12 Maths:

- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130



- * Snazzy Summaries @ R130
- * Flashy Flashcards @ R70
- * Tricky Exam Papers with Answer Sheets @ R130

Courier Costs
@ R120

All the Science
goodies @ R300

<https://wenwetenskap.co.za>

Helena - 0845103373

hverwey@absamail.co.za



Vanaf 3 jaar tot volwasse

Ballet

Lizette Mattheus Ballet Studio bied klasse by Valley Methodist church, Villieria aan.

Dansers word voorberei vir jaarlikse eksterne eksamens van School of Classical Dance.

Ons doen ook gereeld 'n produksie op die verhoog.

Kom geniet die pragtigste klassieke dansstyl!

Kontak:

Lizette Mattheus 082 476 9255
lizettemattheus@gmail.com



SnapScan Kodes



Snap here to pay



GSDP-

SKOOLFONDS

Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT


D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-

BOUFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



BLITS

Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.



MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokkies in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokkies (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

